Polsslag 12 Mei 2019

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

ds. Rynhardt Pretorius

Jaartema 2.1: GEBED

Skrifgedeelte: *Psalm 66:1-20*

Fokusverse: *Psalm 66: 18-20*

Tema: *Praat, die Here luister!*

17:00 JEUGDIENS

ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeelte: *2 Samuel 16:5-14*

Fokusvers: *2 Samuel 16:12*

Tema*: Speel die 'man' nie die 'game' nie???*

18:30 AANDDIENS

Ds. Peet van der Walt

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENS.

KOM GENIET GERUS 'N KOPPIE TEE / KOFFIE SAAM MET ONS NA DIE DIENS

KLANKOPNAME VAN PREKE

Klankopnames (MP3 op CD) van die preke sal na die oggenddiens by die klankbord beskikbaar wees. Skryf asb jou naam op die lys na die diens sodat ons weet hoeveel cd's om te maak.
Donasies vir die aankoop van nuwe cd's is welkom!

KOINONIA

ONS DINK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE EN VRA IN GEBED DIE SEËN VAN DIE HERE OOR HULLE:

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- Poppie Nel moet 'vir 'n rugoperasie gaan by die PTA-Oos hospitaal.
- Hanlie Buys was die afgelope week vir skanderings en toetse. Behandeling vir kanker gaan nog voort om dit onder beheer te hou. Ons bid dat die Here haar sal versterk en toevou met Sy genade.
- Veronica Boshoff sterk tuis aan na sy Maandag 'n operasie ondergaan het. Ons bid haar 'n spoedige en volkome herstel toe.
- Klaas en Bronwyn Salomons se seuntjie, Ryan Paul is Maandag 6 Mei gebore, en moes 'n ope-hartoperasie ondergaan. Die operasie om 'n hartdefek te herstel was suksesvol en hy sterk aan in die ICU. Bronwyn is intussen ontslaan en sterk tuis aan. Ons bid dat die Here sy hand van beskerming oor Ryan sal hou. Baie geluk ook aan Harry en Anneke Salomons met die kleinseun.

12-16 MEI **LESOTHO UITREIK:**

Die Bybelverspreiding diensgroep en lidmate vertrek Sondag op hul jaarlikse uitreik na St. James in Lesotho.
Ons het meer as 700 Sotho en Engelse Bybels wat ons gaan oorhandig by St. James en in die omliggende gebiede.

Belangstellendes kan Pieter Venter kontak by pavoptom@global.co.za

Datums & geleenthede om te onthou!

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 12 - 19 MEI 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Vandag	09:00 17:00 18:30	Oggenddiens & katkisasie gr 1 - 7 Jeugdiens & katkisasie gr 8 - 11 Aanddiens	
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Dinsdag	08:30	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Woensdag	10:00 17:00	Palmbyeenkoms *Skoolkoor olv Lize Calitz* Kerkraadsvergadering	Corrie Venter 083 280 9659 Fritz Haasbroek 083 478 9869
Donderdag	19:00	Bybelstudie wyk F1. (Studente & Jong-werkendes)	Rynhardt Pretorius 074 944 7769
Vrydag	05:30 09:00	Manne gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Rynhardt Pretorius 074 944 7769
Sondag 19 Mei	09:00 18:30	Oggenddiens * Nagmaal & dankseggingsete* Aanddiens *Nagmaal*	

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Ronel Ritchie
Volgende week	Evert Bolt
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk A3 olv Ronel Ritchie
Volgende week	Wyk E1 olv Johan Pretorius

19 MEI **DANKSEGGINGSETE**

Volgende Sondag vier ons weer nagmaal en gaan ons na die tyd weer 'n dankseggingsete saam geniet. Kaartjies vir die ete sal na die diens by Ina Bolt beskikbaar wees teen R20 per person, of bestel jou kaartjie deur jou naam op die lys in die saal te skryf. Spyskaart: Bobotie, geelrys & groente en gebakte poeding met vla as nagereg.

SOEK DIE BYBELVERS

***Verlede keer 5 Mei 2019 se antwoord*:** 2 Kronieke 9 : 31 & 32

" Salomo was veertig jaar koning in Jerusalem oor die hele Israel. Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Rehabeam, het hom as koning opgevolg. "

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Evert Bolt – ook teks uit 1 Konings 11: 42; Klein de Kock; Una Steyn; Elma Jansen

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Amos het toe vir Amasia geantwooord: "" Ek is nie so 'n profeet nie en ek behoort nie tot die profetekring nie, ek ???? ??? ??? ?? ????? ????????, "

Vraag: Hoe het die profeet Amos sy oorspronklike beroep beskryf?

Lees gerus Amos en noem hierdie profeet se oorspronklike beroep en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

VERJAARSDAE 12 - 18 Mei

BAIE GELUK AAN ALMAL MET HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK! MAG DIT 'N GESEËNDE LEWENSJAAR WEES.

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
13/05	Lente van Krieken ☺	
14/05	Dick Kruger **	083 229 5383
15/05	Marnus van der Walt ☺	
16/05	Armand Bezuidenhout Eloise van der Walt ☺	
17/05	Bert van Krieken ** John Jonas	082 514 4681 079 526 3741
18/05	Dries Giliomee * Hans Grobler Antone Harmse ☺ Divan Yssel ☺	072 080 1035 082 897 0801

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

MOOTLITE KAMP 2019
- WIE IS LUS OM TE KOM KAMP?

Kyk, as jy nou nog nie weet wat **Mootlite** kamp is nie, dan leef jy seker in n kokon. Maar ter wille van die vaakseuns daarbuite laat ek verduidelik:

Mootlitekamp is van 16-21 Junie en kos 'n skamele R700 vir die week.

- **Mootlite** is *epic*. Dit gaan jou lewe verander. Hier leer jy wat dit werklik beteken om Jesus te volg. Dis way beter as *Fortnite* want Mootlite leer jou om jou wapens te gebruik in die geestelike stryd, en dit is die hardcore werklikheid van die lewe. Hier leer jy om meer kreatief te wees as op *Mindcraft*, en jy leer weer om God se skepping te waardeer, jy ontdek van vooraf hoe vars lug ruik, en jy kom agter dat jou pelle se stemme in die werklikheid beter klink as oor *WhatsApp*.

- **Mootlite** is *awesome*. Dis die beste plek om die greatste **vriende** ooit te maak (Dis nou nuwe virende, want jy het jou maats saamgebring).

- **Mootlite** is *die plek* om te wees. Dis cooler as *lazer games* of *Imax*, of selfs 'n *One Direction* konsert. **Mootlite** is by **Fraaibos** kampterrein en dis beter as *BOUNCE*!!!

Mootlite is die nuwe *buzz woord* onder enige **Gr. 6-9 leerde**r. Dis so hip soos *Endgame* – (en as jy dit nog nie gesien het nie, is jy 'n nerd, en beter jy 'n plan maak). So wanneer jy jou kaartjie koop, skryf sommer vir die kamp ook in by:

https://docs.google.com/forms/d/10RmnotfMSzmDORIxPKQXsTGpSnv6csc5zkObdLgvbLQ/edit

Dis nou die tyd om in te skryf, die eksamen is om die draai en as jy weer sien is dit kamptyd.

- **Mootlite** is op Facebook (@Mootlitekamp) en op Instagram (so volg ons J), en ons is groter nuus as *Harry en Meghan se baba.*

Kontak ons by mootlitekamp@gmail.com of vir ds **Lohan Linde 084 787 5119**



Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & Doel

SNAP-SCAN

Diens van Barmhartigheid

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN 5 MEI:

Diens van Barmhartigheid:	R 9830
Emeritaatsversorging:	R 2536
Pilhouertjies Borg-'n -Bybel:	R 309
Jeugdiens	R 390

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van barmhartigheid
Deurkollekte: Thuso

Deurkollektes 19 Mei: Bybelverspreiding - Afrikaprojek

PREDIKANTE:

dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F